Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2010

# EKONOMIE

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae as volg:

   * AFDELING A: VERPLIGTEND.
   * AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae in die ANTWOORDEBOEK.
   * AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke vraag.

3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae versigtig en begin elke vraag bo aan 'n NUWE bladsy.

5. Laat 2 − 3 reëls tussen onder afdelings van vrae.

6. Beantwoord vrae in vol sinne en verseker dat die uitleg en inhoud van jou antwoord voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vraag.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word, in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

## AFDELING A (Verpligtend)

## VRAAG 1 (LU1 – LU4)

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en SKRYF SLEGS die LETTER (A, B of C) langs die ooreenstemmende vraagnommer neer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

**LU1** 1.1.1 ŉ Persoon wat inisiatief neem om ŉ sakeonderneming te begin, die produksie organiseer en die risiko dra.

A Staatsdiensamptenaar
B Entrepreneur
C Verbruiker

1.1.2 Die waarde van goedere en dienste wat die inwoners van ŉ land geproduseer word, staan bekend as die ...

A bruto nasionale produk.
B bruto binnelandse produk.
C per capita inkome.

1.1.3 In ŉ … word hulpbronne deur die regering toegeken deur middel van ŉ beplanningsproses.

A vrye mark ekonomie
B sentraal beplande ekonomie
C gemengde ekonomie

**LU2** 1.1.4 Die prys van een produk uitgedruk in terme van ŉ ander produk, word die … prys genoem.

A nominale
B relatiewe
C standaard

1.1.5 Die addisionele produksiekoste om ŉ ekstra eenheid te produseer, word na verwys as ... koste.

A gemiddelde
B veranderlike
C marginale (grens-)

1.1.6 Die bevrediging verkry deur die gebruik van 'n artikel, word ... genoem.

A dis utiliteit
B nut
C vraag

**LU3** 1.1.7 Die voorraad bates wat die potensiaal het om inkome te lewer.

A Lone
B Rykdom
C Hulpbronne

1.1.8 Die inflasie teiken van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank is …

A 4% − 7%.
B 3% − 6%.
C 2% − 5%.

1.1.9 Daar is … lidlande in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap (SAOG).

A 10
B 14
C 24

**LO 4** 1.1.10 Die meerderheid van arm mense woon in … gebiede.

A stedelike
B semi-stedelike
C plattelandse

1.1.11 Die verwydering van beperkings soos tariewe en kwotas by handel tussen lande, word na verwys as …

A handelsliberalisasie.
B beskerming.
C uitvoerbevordering.

1.1.12 Die fisiese ligging en fisiese toestande wat mense se lewens beïnvloed, staan bekend as …

A hulpbronne.
B omgewing.
C besoedeling. (12 x 2) (24)

1.2 Kies ŉ woord uit die volgende LYS wat die gegewe omskrywings die beste pas. Skryf slegs die korrekte WOORD langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| BBP; Intermediêre goedere; Ontwikkelde lande; Primêre sektor; Relatiewe armoede; Mikro ekonomie; Sekondêre vervaardiging; Mark |

1.2.1 Uitsette wat gebruik word as insette deur ander besighede.

1.2.2 Handel oor die gedrag en besluite van individuele besluitnemings entiteite.

1.2.3 Die meeste van die lande in die noordelike halfrond behoort tot hierdie groep.

1.2.4 Mense is arm in vergelyking met andere in die gemeenskap waar hulle bly.

1.2.5 ŉ Sleutel sektor in Suid-Afrika wat bestaan uit landbou, bosbou, visserye, mynbou, ens. (5 x 2) (10)

1.3 Kies ŉ omskrywing uit KOLOM B wat pas by ŉ begrip in KOLOM A. SKRYF SLEGS die korrekte LETTER (A tot J) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Arbeid | A Totale vaste koste gedeel deur die aantal eenhede geproduseer. |
| 1.3.2 Kapitalisme | B Internasionale firmas wat goedere en dienste in baie lande produseer. |
| 1.3.3 Markprys | C Kan nie aangevul of gereproduseer word nie. |
| 1.3.4 Gemiddelde Vaste Koste | D Vrye mark ekonomie. |
| 1.3.5 Gini-koëffisiënt | E Verstandelike en fisiese inspanning. |
| 1.3.6 Ekonomiese groei | F Bepaal deur die interaksie tussen vraag en aanbod. |
| 1.3.7 Multinasionale ondernemings | G Private ondernemings. |
| 1.3.8 Nie-hernieubare hulpbronne | H Meet die ongelykheid van inkome. |
| | I Produksiekoste. |
| | J Toename in produksievermoë. |

(8 x 2) (16)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B** (BEANTWOORD ENIGE DRIE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.)

**VRAAG 2 (LU1)**

2.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig:

Kies die mees korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte WOORD langs die ooreenstemmende vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 ŉ (*Monopolie/Oligopolie*) mark bestaan waar daar slegs ŉ enkele verkoper van ŉ produk is.

2.1.2 Goedere en dienste wat plaaslike geproduseer en in ander lande verkoop word is (*invoere/uitvoere*).

2.1.3 Die (*werkloses/onder indiensgeneemdes*) is diegene wie nie werk kan kry nie.

2.1.4 Een van die voordele van *(sentraal beplande ekonomie/gemengde ekonomie*) is volle indiensname van arbeid. (4 x 2) (8)

2.2 Lys enige DRIE primêre sektor ekonomiese aktiwiteite. (3 x 2) (6)

2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die volgende bestedings tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| | **Besteding (in R Biljoene)** | **2009** |
|---|---|---|
| 1. | Finale verbruiksbesteding deur huishoudings | 945 |
| 2. | Finale verbruiksbesteding deur regering | 456 |
| 3. | Bruto kapitaalvorming | 394 |
| 4. | **Bruto Binnelandse Besteding** | **1 795** |
| 5. | Uitvoere van goedere en dienste | 398 |
| 6. | Invoere van goedere en dienste | 366 |
| 7. | **Besteding op Bruto Binnelandse Produk** | **Vr. 2.3.2** |

2.3.1 Definieer die begrip *'finale verbruiksbesteding deur regering'*. (4)

2.3.2 Bereken besteding op Bruto Binnelandse Produk. Toon alle berekeninge. (4)

2.3.3 Gee die letter wat normaalweg *'verbruiksbesteding deur huishoudings'* aandui. (2)

## 2.4 DATA RESPONS

Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**Persentasie bydrae deur die verskillende sektore tot die BBP.**

| | | **1990** | **2000** |
|---|---|---|---|
| **Primêre** | Landbou, bosbou en visserye | 5,2 | 3,2 |
| | Mynbou en steengroefwerk | 10,6 | 6,5 |
| | | | |
| **Sekondêre** | Vervaardiging | 15,6 | 9,1 |
| | Elektrisiteit | 9,3 | 8,4 |
| | Konstruksie | 8,1 | 6,9 |
| | | | |
| **Tersiêre** | Handel | 13,4 | 13,1 |
| | Vervoer, Berging en Kommunikasie | 8,2 | 10,1 |
| | Dienste en algemene regering | 29,2 | 42,7 |

2.4.1 Lys enige DRIE produksie sektore in die ekonomie. (6)

2.4.2 Watter sektor se bydrae, volgens die tabel, was die laagste in 2000? (2)

2.4.3 Gee EEN voorbeeld van ʼn Suid Afrikaanse infrastruktuur. (2)

2.5 Bespreek kortliks enige TWEE eienskappe van *natuurlike hulpbronne.* (4 x 2) (8)

2.6 Verduidelik kortliks enige TWEE voordele van ʼn *Vrye markekonomie*. (4 x 2) (8)

**[50]**

## VRAAG 3 (LU2)

3.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte WOORD langs die ooreenstemmende vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Daar is ŉ (*indirekte/direkte*) verhouding tussen die prys en hoeveelheid aangebied.

3.1.2 (*Marginale/Gemiddelde*) koste is die produksiekoste van ŉ addisionele eenheid.

3.1.3 As die verbruik van artikels uitgestel kan word, word dit beskou as (*noodsaaklikhede/luukse goedere*).

3.1.4 Komplimentêre goedere word *(gesamentlik/mededingend)* aangevra. (4 x 2) (8)

3.2 Lys enige DRIE kenmerke van ŉ oligopolie. (3 x 2) (6)

3.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Aantal eenhede | Totale Vaste Koste | Totale Veranderlike Koste | Totale Koste | Marginale Kote | Gemiddelde Vaste Koste | Gemiddelde Veranderlike Koste | Gemiddelde Totale Koste |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | R100 | R30 | R130 | R30 | R100 | R30 | R130 |
| 2 | R100 | R50 | R150 | R20 | **Vr. 3.3.2 (A)** | R25 | R75 |
| 3 | R100 | R60 | R160 | **Vr. 3.3.2 (B)** | R33,33 | R20 | R53,33 |
| 4 | R100 | R65 | R165 | R5 | R25 | R16,25 | R41,25 |

3.3.1 Onderskei tussen '*Vaste koste'* en '*Veranderlike koste'*. (4)

3.3.2 Voltooi tabel: Gemiddelde Vaste Koste (A) en Marginale Koste (B). (Skryf slegs die antwoorde neer.) (4)

3.3.3 Definieer '*marginale koste*'. (2)

3.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Besighede kan slegs oorleef indien hulle wins maak. Wins maksimering speel ŉ belangrike rol in besluite oor hoeveel van ŉ produk of diens geproduseer moet word. Besighede behoort te dink aan die insetkoste in verhouding tot die uitsette. |

3.4.1 Noem die hoofdoel van besighede. (2)

3.4.2 Onderskei tussen *'ekonomiese wins'* en *'normale wins'*. (6)

3.4.3 Definieer die begrip *'vaste koste'*. (2)

3.5 Bespreek kortliks enige TWEE faktore wat die elastisiteit van die aanbod van ŉ produk bepaal. (2 x 2 x 2) (8)

3.6 Verduidelik kortliks enige TWEE kenmerke van ŉ volmaakte mark. (2 x 2 x 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 4 (LU3)**

4.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte WOORD langs die ooreenstemmende vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Die (*Lorenz/Vraag*-) kurwe is ŉ diagrammatiese voorstelling van die ongelykheid van inkome.

4.1.2 Hoër inkome verdiener wat belas word teen ŉ hoër koers staan bekend as (*progressiewe/regressiewe*) belasting.

4.1.3 Lae per capita inkome is ŉ kenmerkende eienskap van ŉ (*ontwikkelde/ontwikkelende*) land.

4.1.4 Die (V*PI/PPI*) meet die prysvlak van goedere by die produsent. (4 x 2) (8)

4.2 Lys enige DRIE faktore wat gebruik kan word om menslike hulpbronne te verbeter. (3 x 2) (6)

4.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE BANKWESE**

Suid-Afrika beskik oor 'n baie goeie bankstelsel. Die Suid Afrikaanse Reserwebank is in 1921 gestig en dit funksioneer op sy eie om die land se monetêre beleid te formuleer en te implementeer. Ander finansiële instellings in Suid-Afrika sluit versekeringsmaatskappye, pensioen fondse en finansiële maatskappye in.

Die Handelsbanke in Suid-Afrika is betrokke by bykans elke monetêre transaksie wat in die land plaasvind. Die hoof besigheid van die handelsbanke bestaan uit depositoneming wat op verskillende maniere onttrek mag word en die maak van lenings. [Aangepas uit *Fokus op Ekonomie*]

4.3.1 Wat is die hoof funksie van die Suid Afrikaanse Reserwe Bank volgens die uittreksel? (2)

4.3.2 Noem die hoof besigheid van handelsbanke in Suid-Afrika. (4)

4.3.3 Lys enige TWEE geld geassosieerde instrumente. (4)

4.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**ONS WÊRELD**

Ons lewe in 'n wêreld van uiterste verskille waar rykdom en armoede saam bestaan. Sommige lande het surplus voedsel, behuising, inkome, ens. Die lewe in hierdie lande is gemaklik. Tog is daar lande met enorme tekorte. Mense in hierdie lande beskik nie oor beskutting of genoegsame voedsel nie, en die lewe hier is 'n daaglikse stryd om oorlewing.

4.4.1 Noem die TWEE verskillende soorte lande waarna in die uittreksel verwys word. (4)

4.4.2 Definieer die begrip *'ekonomiese groei'*. (2)

4.4.3 Lys enige TWEE kenmerke van 'n ontwikkelende land. (4)

4.5 Verduidelik kortliks enige TWEE vorme van ekonomiese integrasie. (8)

4.6 Verduidelik kortliks enige TWEE redes vir bank mislukkings. (8)

**[50]**

**VRAAG 5 (LU4)**

5.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte WOORD langs die ooreenstemmende vraagnommer (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Die mees belangrike rede vir armoede is (*werkloosheid/politiese stabiliteit).*

5.1.2 Die *(HOP/GEAR*) is aanvaar as ŉ strategie vir sosio-ekonomiese transformasie ten einde die lewens van die meerderheid van mense in Suid-Afrika te verbeter.

5.1.3 Wanneer ŉ land meer uitsette kan produseer met dieselfde insette as ŉ ander land, het die land ŉ (*vergelykende/absolute*) voordeel.

5.1.4 Steenkool is ŉ voorbeeld van ŉ (*hernieubare/nie-hernieubare*) hulpbron. (4 x 2) (8)

5.2 Lys enige DRIE absolute en vergelykende voordele van globalisering. (3 x 2) (6)

5.3 **DATA RESPONS**

Lees die volgende koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**"Verminder, hergebruik en herwin"**

Herwinning behels die prosessering van gebruikte materiaal tot nuwe produkte. Dit word gedoen om vermorsing van potensieel bruikbare materiaal te verhoed; verbruik van oorspronklike grondstowwe te verminder; energie verbruik te verlaag; lug- en waterbesoedeling te verminder; en 'greenhouse' gas uitlatings te verminder. Herwinning is 'n sleutel komponent van moderne afval vermindering en is die derde komponent van die "Verminder, hergebruik en herwin" hiërargie."

Herwinbare materiaal sluit in glas, papier, metaal, plastiek, tekstiele en elektronika. Alhoewel dit dieselfde effek het, word die maak van kompos of hergebruik van ander bio-degradeerbare afval − soos voedsel en tuinafval - nie as tipiese herwinning beskou nie.

[Vertaal en aangepas uit *'Recycling for re-use'*]

5.3.1 Definieer die begrip '*herwinning*'. (2)

5.3.2 Wat is die voordele van herwinning volgens die koerantberig? Lys enige DRIE. (6)

5.3.3 Gee EEN voorbeeld van 'n materiaal wat herwin kan word. (2)

5.4 **DATA RESPONS**

Lees die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Armoede verwys na 'n toestand waar nie oor die middele beskik word om basiese menslike behoeftes soos skoon water, voedsel gesondheidsorg, onderwys, klere en behuising te kan bekostig nie. Daar word ook hierna verwys as absolute armoede. Relatiewe armoede is 'n toestand waar daar oor minder hulpbronne of inkome as andere in die gemeenskap of land beskik word. Voor die industriële revolusie was armoede oor die algemeen die norm.

5.4.1 Onderskei tussen *'absolute armoede'* en *'relatiewe armoede'*. (4)

5.4.2 Lys DRIE voorbeelde van in natura voordele soos voorsien deur die Suid-Afrikaanse regering, ten einde armoede te verlig. (3 x 2) (6)

5.5 Verduidelik *'hernieubare hulpbronne'* kortliks. (4 x 2) (8)

5.6 Verduidelik kortliks *'Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel'* en *'Vryhandelgebiede'* as redes vir handelsliberalisasie. (2 x (2 + 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 6 (LU2 EN LU4)**

6.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die korrekte WOORD langs die ooreenstemmende vraagnommer (6.1.1 – 6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 As die prys van 'n produk toeneem, sal die vraag na sy substituut (*toeneem/afneem*).

6.1.2 Oor die langtermyn is kostes (*veranderlik/vas*).


6.1.3 Inheemse kennis stelsels verwys na die kennis wat aangewend word deur (*plaaslike/oorsese*) mense.

6.1.4 Die gasse wat globale verwarming veroorsaak word gesamentlik (*kweekhuis/withuis*) gasse genoem. (4 x 2) (8)

6.2 Lys enige DRIE faktore wat die graad van prys elastisiteit van vraag na 'n produk bepaal. (3 x 2) (6)

6.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die volgende grafieke en beantwoord die vrae wat volg.




6.3.1 Benoem die verhouding tussen produk 'A' en produk 'B'. (2)

6.3.2 Onderskei tussen *'substitute'* en *'komplimentêre goedere'*. (4)

6.3.3 Gee die '*Wet van vraag'*. (2)

6.3.4 Gee 'n ander naam vir *'gesamentlike produkte'.* (2)

6.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Aantal verbruik | Totale Nut | Marginale Nut |
|---|---|---|
| 1 | 15 | 15 |
| 2 | 27 | 12 |
| 3 | **Vr.6.4.2** | 8 |
| 4 | 38 | 3 |

6.4.1 Definieer die begrip *'nut'*. (2)

6.4.2 Voltooi die tabel deur die Totale Nut te bereken vir 2 eenhede verbruik. (Toon berekeninge) (4)

6.4.3 Verduidelik *'dalende marginale (grens-) nut'* kortliks. (4)

6.5 Bespreek kortliks enige TWEE maatreëls wat die regering aanwend ten einde omgewings volhoubaarheid te verseker. (4 x 2) (8)

6.6 Verduidelik kortliks die begrip *'Noord/Suid verdeel'*. (4 x 2) (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

**AFDELING C** (BEANTWOORD <u>ENIGE TWEE</u> VRAE UIT HIERDIE AFDELING.)

I Opstel antwoorde moet ʼn inleiding, inhoud en slot insluit:
- Aan die inleiding en slot sal 5 punte toegeken word.
- Addisioneel, word 5 punte toegeken vir die vertolking van die onderwerp en die taalgebruik.
- ʼn Maksimum van 40 punte sal aan die inhoud toegeken word.

II Lang vrae waar ʼn brief vereis word:
- 5 punte word, as volg toegeken, aan die formaat van die brief:
  - 3 punte vir die aanhef
  - 2 punte vir die slot
- Addisioneel, word 5 punte toegeken vir die vertolking van die onderwerp en die taalgebruik.
- ʼn Maksimum van 40 punte sal aan die inhoud toegeken word.

**VRAAG 7 (LU1)**

Skryf ʼn opstel oor die kenmerke, voordele en nadele van ʼn gemengde ekonomie met verwysing na Suid-Afrika as die beste voorbeeld van ʼn gemengde ekonomie. **[50]**

**VRAAG 8 (LU2)**

Ontleed die grade (vorme) van prys elastisiteit van vraag. **[50]**

**VRAAG 9 (LU3)**

*"Die gaping tussen die ryk en die arm in Suid-Afrika is groot. Ons het ʼn baie klein aantal baie ryk mense en ʼn groot aantal baie arm mense."*

Skryf ʼn brief aan die Minister van Finansies en verduidelik metodes van herverdeling wat gebruik kan word om die gaping tussen ryk en arm te verklein. **[50]**

**VRAAG 10 (LU4)**

*"Globalisering het oor ʼn tydperk van baie eeue ontwikkel. Dit het begin toe mense die eerste keer surplusse geproduseer het om te verruil vir geld."*

Skryf ʼn opstel oor die gevolge van globalisering. **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**

**GROOTTOTAAL: 300**